Vertroulik

basic education

Department:
Basic Education
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/ NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

## RELIGIESTUDIES V1

## MEI/JUNIE 2025

**PUNTE: 150**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye.**

*Kopiereg voorbehou*

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B.

2. AFDELING A: VERPLIGTEND
   AFDELING B: Beantwoord enige TWEE vrae in hierdie afdeling.

3. Lees AL die vrae aandagtig deur.

4. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.

5. Die lengte van jou antwoorde moet ooreenstem met die punte wat aan elke vraag toegeken is.

6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

7. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A (VERPLIGTEND)

## VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.10) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.1.11 D.

1.1.1 Die Bahá'i-gemeenskap se gebedsbyeenkoms …

A is die fees van Ramadan.
B is die Negentiendagfees.
C is 'n fees wat nege dae duur.
D word in Jerusalem gehou. (1)

1.1.2 Sharia is 'n …

A antieke taal van die Verre Ooste.
B diep en plegtige belofte.
C voorskrywende wet van Judaïsme.
D Goddelike Wet van Islam. (1)

1.1.3 Hierdie vertakking glo dat mans en vroue gelyk is:

A Hervormde Jode
B Konserwatiewe Jode
C Ortodokse Jode
D Hasidiese Jode (1)

1.1.4 Daar is geen God as die middelpunt van hierdie geloof se oortuigings nie:

A Boeddhisme
B Yoruba
C Hindoeïsme
D Aka (1)

1.1.5 Hierdie godsdiens het in die Midde-Ooste ontstaan:

A Boeddhisme
B Bahá'i-geloof
C Afrika Tradisionele Godsdiens
D Taoïsme (1)

1.1.6 Lewe vir altyd, vir ewig, ewigdurend:

A Samsara
B Evolusie
C Reïnkarnasie
D Onsterflik (1)

1.1.7 'n Skeiding van godsdiens en staat:

A Kommunisme
B Funksionalisme
C Sekularisme
D Humanisme (1)

1.1.8 Mense moet leef volgens hoe die heelal werk:

A Taoïsme en Confucianisme
B Hindoeïsme en Boeddhisme
C Christendom en Islam
D Judaïsme en Christendom (1)

1.1.9 Boeke wat absolute outoriteit (volmag) in 'n godsdiens het:

A Gelykenisse
B Smriti
C Sanskrit
D Kanon (Kerkreël) (1)

1.1.10 'n Suid-Afrikaanse geestelike wat die Nobelvredesprys ontvang het:

A Chief Albert Luthuli
B Nelson Mandela
C Mahatma Gandhi
D Desmond Tutu (1)

1.2 Voltooi die volgende sinne deur die ontbrekende woord(e) neer te skryf. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.6) in die ANTWOORDEBOEK neer.

1.2.1 Die heilige boek van Taoïsme word … genoem. (1)

1.2.2 Geloof in een God staan as … bekend. (1)

1.2.3 Leringe wat deur godsdienstige volgelinge gebruik word om 'n sedelike of filosofiese idee oor te dra, staan as … bekend. (1)

1.2.4 Die eenheid van Allah staan as … bekend. (1)

1.2.5 Hierdie godsdiens verwerp die idee dat mense siele het wat ná die dood bly voortleef: … (1)

1.2.6 Wanneer twee verskillende geloofstelsels gekombineer word om 'n nuwe een te vorm, word dit … genoem. (1)

1.3 Kies 'n term uit KOLOM B wat by die beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–H) langs die vraagnommers (1.3.1 tot 1.3.6) in die ANTWOORDEBOEK neer. MOENIE 'n antwoord meer as een keer gebruik NIE.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.3.1 | Die grootste Boeddhistiese tempel en klooster in Afrika | A | Pluralisme |
| 1.3.2 | Die Bahá'i-tuin ter nagedagtenis aan Bahá'ulláh | B | gesaghebbende |
| 1.3.3 | Verskillende gelowe wat in een gemeenskap saamleef | C | filantroop ('humanitarian') |
| 1.3.4 | 'n Persoon wat goeie dade vir ander mense verrig | D | Iran |
| 1.3.5 | 'n Letterlike interpretasie van heilige geskrifte | E | Haifa |
| 1.3.6 | Hindoe-geleerde wat die aanbidding in die tempel lei | F | funksionaliste |
| | | G | Bronkhorstspruit |
| | | H | Fundamentalisme |

(6 x 1) (6)

1.4 Kies die woord(e) in ELKE lys hieronder wat NIE by die res pas NIE. Skryf die woord langs die vraagnommers (1.4.1 tot 1.4.5) in die ANTWOORDEBOEK neer. Gee 'n rede waarom die antwoord NIE pas NIE.

VOORBEELD: Rooi, Geel, Sirkel, Blou
ANTWOORD: Sirkel
REDE: Die ander drie is kleure.

1.4.1 Zakat, Hadj, Wudu, Rabbi (2)

1.4.2 Tanag, Upanishads, Misjna, Talmoed (2)

1.4.3 Sion Christen-kerk, Nasaret-Baptistekerk, Metodistekerk, Internasionale Pinkster Christenkerk (2)

1.4.4 Ilima, Sangoma, Doop, Inyanga (2)

1.4.5 Jehova, Moses, Brahma, Mvelinqangi (2)

1.5 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Skryf 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommers (1.5.1 tot 1.5.6) in die ANTWOORDEBOEK neer. Gee 'n rede indien die antwoord ONWAAR is.

1.5.1 'n Doktrine is 'n teologiese graad wat aan 'n universiteit verwerf is. (2)

1.5.2 Die Pali Kanon is die oudste geskrif van Hindoeïsme. (2)

1.5.3 Ortodokse Jode onderhou godsdienstige wette wat Genesis genoem word. (2)

1.5.4 Teokrasie is 'n geloof dat die regering en moraliteit nie op godsdiens gebaseer hoef te wees nie. (2)

1.5.5 Godsdiens is 'n verenigde stelsel van oortuigings en praktyke wat met heilige dinge verband hou. (2)

1.5.6 Die woord 'katoliek' beteken behoort aan die Pous. (2)

1.6 In die konteks van godsdiens, skryf TWEE feite oor ELK van die volgende:

1.6.1 Mangena Mokone (2)

1.6.2 Samprayadas (2)

1.6.3 Kitáb-i-Aqdas (2)

**TOTAAL AFDELING A: 50**

## AFDELING B

Beantwoord enige TWEE vrae in hierdie afdeling.

## VRAAG 2

2.1 In die konteks van godsdiens, gee 'n kort verduideliking van ELK van die volgende konsepte:

2.1.1 Eendersheid (4)

2.1.2 Geloof (4)

2.1.3 Identiteit (4)

2.2 Noem enige TWEE unieke kenmerke van ELK van die volgende godsdienste:

2.2.1 Judaïsme (4)

2.2.2 Taoïsme (4)

2.2.3 Bahá'i-geloof (4)

2.3 Beskryf die Sufi-tradisie in Islam. (6)

2.4 Onderskei tussen die konsepte *inkarnasie* en *reïnkarnasie.* (4)

2.5 Wat leer Afrika Tradisionele Godsdiens ons oor die konsep *Ubuntu*? (8)

2.6 Noem VIER kenmerke wat tot 'n gevoel van gedeelde godsdienstige identiteit bydra. (8)

**[50]**

## VRAAG 3

3.1 Lees die artikel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

> **CHRISTEN-MAN TER DOOD VEROORDEEL DEUR PAKISTANSE HOF**
>
> Deur Asim Tanveer, 2 Julie 2024
>
> Multan, Pakistan – 'n Hof in Pakistan het 'n Christen-man ter dood veroordeel vir, wat gesê word, die deel van haatlike inhoud teen Moslems op sosiale media, ná een van die ergste massa-aanvalle op Christene verlede jaar in die oostelike Punjab-provinsie.
>
> 'n Groep Moslem-mans het in Augustus 2023 dosyne huise en kerke in die stad Jaranwal afgebrand nadat sommige inwoners beweer het dat hulle gesien het twee Christen-mans skeur bladsye uit Islam se heilige boek, die Koran, gooi dit op die grond en skryf beledigende aanmerkings op ander bladsye, het owerhede gesê. Die twee mans is later in hegtenis geneem.
>
> Ehsan Shan is daarvan beskuldig dat hy die geskonde bladsye van die Koran weer op sy *Tik Tok*-rekening geplaas het. Sy prokureur, Khurram Shahzad, het aan Associated Press gesê dat hy Maandag sou appelleer teen die doodsvonnis wat Saterdag deur 'n hof in die stad Sahiwal in die Punjab-provinsie opgelê is.
>
> [Aangepas uit apnews.com]

3.1.1 In watter provinsie is die Christen-man ter dood veroordeel? (2)

3.1.2 Waarom het die hof die man ter dood veroordeel? (2)

3.1.3 Watter lesse kan 'n gebruiker van sosiale media uit hierdie artikel leer? Noem DRIE lesse. (6)

3.1.4 Met verwysing na die artikel hierbo, evalueer die gedrag van die Christene en die gedrag van die Moslems. (2 x 4) (8)

3.1.5 Evalueer krities die uitspraak van die hof in die artikel. (8)

3.2 Noem DRIE tipes media wat ons het. (6)

3.3 Wat moet die hoofstroom-media doen om godsdienstige vooroordeel te vermy? (10)

3.4 Bespreek verskillende maniere waarop godsdienste op negatiewe dekking in die media kan reageer. (8)
**[50]**

## VRAAG 4

4.1 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**KONFLIK IN DIE SENTRAAL-AFRIKAANSE REPUBLIEK**

Die Sentraal-Afrikaanse Republiek (SAR) is in beroering gebring toe hoofsaaklik Moslem-Seleka*-rebelle 'n jaar gelede aanvalle geloods het en President Francois Bozize gedwing het om in Maart 2013 te vlug. 'n Oorgangsregering is sedertdien toevertrou met die herstel van vrede en om die weg vir 'n vreedsame demokratiese verkiesing te baan, maar gewapende konflik tussen voormalige Seleka- en Christen-anti-Balaka**-stryders het die afgelope paar maande betekenisvol toegeneem.

'Sterftes in Bangui (die hoofstad) en in die res van die land gaan elke dag voort, en die bevolking bly volgens kerkverband verdeeld,' het die Sekretaris-Generaal vir Politieke Sake, Jeffrey Feltman, tydens 'n voorligtingsessie oor die verarmde nasie, waar duisende mense na raming doodgemaak is, aan die Veiligheidsraad gesê. Amper 1 miljoen is uit hulle huise verdryf en 2,2 miljoen, ongeveer die helfte van die bevolking, het humanitêre hulp nodig.

'As gevolg van hulle hoofsaaklik Moslem-samestelling, is Seleka-wanpraktyke teen die Christen-bevolkings in die SAR vinnig geïnterpreteer as 'n godsdienstige konflik waar Moslem teen Christen kragte meet,' het hy bygevoeg. Aan die ander kant is die frustrasies van die Moslem-gemeenskappe in die SAR die gevolg van baie jare se marginalisering deur opeenvolgende regerings sedert die land se onafhanklikheid 50 jaar gelede. Byvoorbeeld, alhoewel die Moslem-gemeenskap 'n geraamde 20 persent van die totale bevolking van die SAR verteenwoordig, word geen Moslem-vakansiedae amptelik deur die land onderhou nie.

Mnr. Feltman het die vinnige ontplooiing van die magte van die Afrika-unie (AU) en Frankryk geprys wat voorkom het dat die situasie verder tot groter konflik en gruweldade*** versleg. Die Verenigde Nasies (VN) werk tans saam met die AU om op 1 Februarie 2023 'n konferensie in Addis Abeba te organiseer om die AU-mag te help om hulle toegelate sterkte van 6 800 te bereik.

*Seleka is 'n groep hoofsaaklik Moslem-rebelle wat voorheen teen die regering in Bangui geveg het.
**anti-Balaka is 'n alliansie van guerrillastrydergroepe wat hoofsaaklik uit Christene bestaan.
***gruweldade is wrede dade wat fisiese geweld of beserings behels.

[Aangepas uit www.un.org>africarenewal>news, 4 April 2022]

4.1.1 Wanneer het die konflik in die SAR begin? (2)

4.1.2 Noem TWEE godsdienstig-geassosieerde partye wat by hierdie konflik betrokke is. (4)

4.1.3 Met verwysing na die artikel, verduidelik kortliks die oorsake van die konflik in die SAR. (8)

4.1.4 Tot watter mate is godsdiens deel van hierdie konflik? Gee VIER redes om jou antwoord te ondersteun. (10)

4.2 Bespreek moontlike redes waarom daar geen gewapende godsdienstige konflik in demokratiese Suid-Afrika is nie. (10)

4.3 Watter rol kan godsdiensorganisasies speel om godsdienstige konflik in hulle gemeenskappe te voorkom? (6)

4.4 Verduidelik hoe godsdienstige konflik 'n gemeenskap negatief kan beïnvloed. (10)
**[50]**

## VRAAG 5

5.1 Lees die artikel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**MENSEREGTE**

Die Universele Verklaring van Menseregte (artikel 1) lui: 'Alle mense is vry gebore en is gelyk met betrekking tot waardigheid en regte. Hulle is met oordeel en inbors (rekenskap) bedeeld en moet in 'n gees van broederskap teenoor mekaar optree.'

[Bron: *FOCUS on Religion Studies*]

5.1.1 Godsdienste leer al vir eeue lank dat alle menslike wesens gelyk is. Verduidelik die leringe van enige TWEE godsdienste wat jy bestudeer het wat die lering dat alle mense gelyk is, handhaaf. (12)

5.1.2 Bespreek praktiese stappe wat jy dink verskillende godsdienste kan volg om te verseker dat menseregte nie geskend word nie. (8)

5.1.3 Evalueer die maatreëls wat die Suid-Afrikaanse regering ingestel het om artikel 1 van die Universele Verklaring van Menseregte te handhaaf. (12)

5.2 Watter rol het godsdiensorganisasies in Suid-Afrika se vryheidstryd voor 1994 gespeel? (10)

5.3 Wat is die verskil tussen die *Westerse* en die *Oosterse siening van godsdiensvryheid*? (8)
**[50]**

**TOTAAL AFDELING B: 100**
**GROOTTOTAAL: 150**

*Kopiereg voorbehou*